DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin

**19 Junie 2022**

Predikant: Ds. S.P. Venter
Pastorie: 015 296 1840
Sel: 082 809 0222
Epos: sarel.pventer@gmail.com

**EREDIENS** **Ds. Sarel Venter**

**Skriflesing** Matteus14: 22 - 33

**Tema** Jesus is in die storm van jou lewe aanwesig

**Sang**
Psalm 33: 1, 4
Psalm 9: 7, 10
Psalm 37: 17, 18, 23
Skrifberyming 2-4: 1, 2
Skrifberyming 7-2: 1, 2

Matteus se vertelling in hoofstuk 14 begin teen sononder. Jesus bid op die berg en die dissipels in die skuit is vreesbevange. Hulle was reeds, 'n paar kilometer van die kus af en deur golwe geteister. En Christus kom na hulle teen dagbreek die volgende oggend. Hulle was die hele nag in stormweer op die water. Lank genoeg om te vra: Is God dan nêrens naby nie? En dan kom die stem uit die storm: 'Ek is'. Jesus praat. "Wees gerus, dit is Ek. Moenie bang wees nie". Julle is nie alleen nie. Saam met julle in die storm is God wie geken word as 'Ek is'.

Ek is die **teenwoordige** tyd Christus. Ek is die hier Christus. Jesus sê nooit "Ek was" nie. Ja, ons doen dit. Ons doen dit juis omdat 'ons was'. Ek was jonger, vinniger en mooier. Ek was beter. Ek was gesonder. En so dink ons terug. Ons is geneig om verlede tyd mense te wees.

As dinge maar net kan wees soos dit altyd was, soos dit vroeër was. God sê nooit, eendag sal Ek wees nie. Hy is die “Ek is” God. Nie die ‘God wat was’ of ‘God wat sal wees’ nie. “Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid”, sê Heb 13:8. In die middel van die storm roep Jesus ‘Ek is’. Op die slagveld van die lewe: in die raadsaal, in die kraamsaal, in die skool, in my hartseer, in die hospitaalsaal, by my fees, in my pyn en hartseer, waar ons ook al is, daar roep Jesus Christus: “Ek is”.

Matteus 14 sê dit op ‘n pragtige manier. Die vertelling bestaan uit twee gedeeltes, elk ses verse lank. Verse 22 tot 27 beskryf Jesus wat op die see loop en v 28 tot 33 vertel ons van Petrus wat op die see loop en sink. En presies in die middel van hierdie twee gedeeltes staan: “Ek is”.

God, is oral. Hy bewaar die volk deur die Rooisee, Hy is saam met Jona in die groot vis, Hy gee Daniël krag en moed in die brandende oond en tussen die leeus. Hy is by Christus as Hy aan die kruis hang en as Hy opstaan uit die dood. Hy is by die uitstorting van die Heilige Gees en duisende mense kom tot bekering en sien die Lig. En ons? Sien ons Hom ook in die middel van alles wat daar te siene of te beleef is? Kyk net mooi. Hy is daar. In die middel van alles. Hy is “Ek is”. Nie ”Ek was”, of “Ek sal wees” nie. Nee. Ons God is altyd “Ek is”. Die teenswoordige-God. Getuig jou lewe van dankbaarheid? Die Heilige Gees dring ons om aan ander te vertel wat jy reeds ken en weet.

# OOG VIR MEKAAR



- * Ons bid vir Philip Snyman wat nog in die hospitaal is na sy operasie. Seën vir jou en Estelle in die hersteltyd wat voorlê.
- * Ons bid vir tannie Lenie Bothma wat die afgelope week geopereer is. Ons is dankbaar dat daar al ‘n mate van beterskap is. Ons bid haar die seën van die Here toe met die genesing wat wag.
- * Ons bid vir Antoinette Sauerman wat die 22ste ‘n handoperasie ondergaan. Sterkte met die pyn en ongemak.
- * Ons bid vir Nelie Badenhorst wat baie pyn en ongemak verduur na die operasie aan haar arm. Ons bede is dat die pyn vinnig minder sal word.
- * Ons is dankbaar dat Pietra vd Walt weer by die huis is. Ons bede is dat die Here vir jou en Hannes sal vashou in Sy troue liefde.
- * Ons bid vir Theuns Botha wat herstel na die chemoterapie. Mag jy gou weer op die been wees.
- * Ons is dankbaar saam met Theyman en Simonè Jongbloed vir die mate van herstel na die operasie.
- * Tialeen Venter bloei steeds inwendig. Daar is verskeie toetse gedoen om die aard van die bloeding te bepaal. Ons bid vir haar spoedige beterskap.
- * Ons bid vir oom Peet Schutte wat bloedkanker het en swak is. Mag die Here die familie bystaan en versterk op die pad.
- * Ons bid Gerdien Kuijpers die seën van die Here toe met die behandeling wat die week voortgesit word.

# KONSISTORIEDIENSBEURT 19 JUNIE

**Diensbeurt: D3 Nguni**

**Ouderling: Hennie Combrink**

**Katkisasie: GEEN**

**Diaken: Daleen Coetsee**

Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat almal, weer soos voorheen, voor die erediens in die konsistorie sal vergader.

# TEESKINKBEURTE



***19 Junie***
**Zani Prinsloo**
**Mart-Alet Schnehage**
**Salomie Smit**
**Estelle Snyman**
**Marietjie Venter**

***26 Junie***
**Estelle Adams**
**Antonette Albertyn**
**Colette Albertyn**
**Annemarie Bakker**
**Elize Boshoff**

**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

# DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| 20 Junie 2022 | 18:00 | *Kerk* | Finanskommissievergadering |
| 21 Junie 2022 | 09:30 | *Kerk* | Bybelstudie |
| 22 Junie 2022 | 18:30 | *Kerk* | Bybelstudie |
| 22 Junie 2022 | 19:00 | *Alta Theron* | Bybelstudie |
| 23 Junie 2022 | 09:30 | *Alta Theron* | Bybelstudie |
| 23 Junie 2022 | 19:00 | *ZOOM* | Bybelstudie |



# KALENDER



| Verjaarsdae | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | Ouderdom | **Belydend / Doop** | **Sel/Tel no.** |
| So 19 Jun | Ernest Jansen<br>Jan-Carl Oosthuizen<br>JP Ferns | 61<br>35<br>31 | B<br>B<br>B | 071 524 8833<br>079 522 1992<br>076 238 1304 |
| Di 21 Jun | Erika vd Walt | 49 | B | 083 990 3585 |
| Do 23 Jun | Mauritz Venter<br>Janko Venter | 11 | D | 082 444 0336 |

# KERKRAAD

Per approbasie word die volgende broers aan die gemeente voorgehou as ouderling en diakens:

***Ouderling:***
**Stephan Coetzee**

**Diakens:**
**Piet Kruger, Jan Albert Coetzee en Willem v Wyk.**

Voorstelle van die gemeente kan ook gemaak word , deur broers en susters te benoem om as ouderling of diaken dienswerk binne die gemeente te doen.

# GEDAGTE VIR DIE WEEK

*Op 'n ander keer het Jesus vir die mense gesê: "Ek is die lig vir die wêreld. Wie My volg, sal nooit in die duisternis lewe nie, maar sal die lig hê wat lewe gee."*

*Johannes 8: 12*

## DIAKONIE

**Die diakonie se kosrakke is uitgeput en leeg.** Ons vra almal se **hulp om ons kasrakke aan te vul** en benodig die volgende items:



**Rys; mielie meel; suiker; olie; blikkies kos soos bv vis; groente; tamatie en uie sous; boontjies ens, daar is ook 'n tekort aan toiletpapier; tandepaste en badseep.**

Ons versoek lidmate om ons te help met die met bogenoemde items. Ons versorg baie gesinne van ons gemeente met die kos en ons het almal se hulp nodig.

# *GEMEENTEKAMP*

Die aktiwiteitskommissie beplan ***‘n gemeentekamp by JABUWENI vanaf 23 tot 25 Sept 2022.***

Hou hierdie spasie dop vir besprekings en pryse!!!

Kom kuier lekker saam met ons. Dit gaan voorwaar ‘n gemeentekamp wees om te onthou!!!!!!!



# EVANGELISASIE



## Laat ons Sout & Lig in hierdie wêreld wees

Ons samelewing kom deur twee jaar van isolasie en verarming, op 'n geestelike en fisiese vlak.

Deur die Gees gedryf is ons, jy die sout en lig in hierdie wêreld.

Hoor wat sê die Woord in Mat 5:13-16



Julle is die sout van die aarde...

Julle is die lig van die wêreld. 'n Stad wat bo-op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie;
en 'n mens steek ook nie 'n lamp op en sit dit onder die maatemmer nie, maar op die staander, en dit skyn vir almal wat in die huis is.



# EVANGELISASIE (VERVOLG)



**Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik.**


**Bid dat die Heilige Gees jou en ons gemeente so vul, dat ons Christus se liefde kan uitdra.**



Kom ons begin en groet alle mense wat ons pad kruis hierdie week met 'n vriendelike groet:

Goeie dag, geseënde dag vir jou.

Good morning, may you have a blessed day.


GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG
DANKOFFERS EN LOPENDE UITGAWES
2022
DANKOFFERS
LOPENDE UITGAWES
R -
R 20 000.00
R 40 000.00
R 60 000.00
R 80 000.00
R 100 000.00
R 120 000.00
R 140 000.00
R 160 000.00
R 180 000.00
R 200 000.00
JAN
R 129 686.00
R 182 396.24
FEB
R 128 217.00
R 93 583.74
MRT
R 116 746.00
R 116 125.32
APR
R 134 082.00
R 102 506.37
MEI
R 103 267.00
R 161 440.35

**Preke**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Nantes Kotze |
| Faksnommer | (015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| Epos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | www.gereformeerd.co.za |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede**<br>**Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*Maar Jesus het dadelik met hulle gepraat en gesê: "Wees gerus, dit is Ek. Moenie bang wees nie."*

*Matteus 14: 27*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS